



SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY



Effektiewe kantoorkommunikasie

’n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Is jy die een wat vergaderings skeduleer, notules opstel, e-kommunikasie uitstuur, telefoonnavrae hanteer en kantooruitdagings oplos? Sluit by ons aan en verfyn hierdie belangrike vaardighede verder.

Waarop fokus hierdie kursus?

In hierdie aanlyn kursus wat in Engels aangebied word, leer jy onder andere hoe om bondige e-posse met net die regte hoeveelheid inligting te skryf, en om aandagtig en met insig tydens vergaderings te luister. Die kursus fokus verder op:

- die vermoë om professionele interne en eksterne e-kommunikasie te skep
- probleemoplossingsvaardighede en tegnieke om navrae, klagtes en moeilike situasies die hoof te bied
- ’n deeglike begrip van vergaderingprosedures en die rolspelers se verantwoordelikhede
- die vermoë om professionele agendas saam te stel
- vaardighede om vergaderings met vertroue te bestuur en doeltreffende notules te struktureer.

Wie kan die kursus bywoon? Watter loopbaanvoordele hou dit in?

Hierdie intreevlakkursus is vir jou bedoel as jy nie ’n eerstetaalspreker van Engels is nie, maar in ’n werksomgewing funksioneer waar Engels gebruik word. Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur ’n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

Stel jy belang? Klik op hierdie skakel en voltooi die aanlyn vorm. Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab



languagecentre.sun.ac.za/commslab/



michellep@sun.ac.za



+27 (0)21 808 2812

Wat is die voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier nodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind die kursus plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, en aanlyn leer wat jy op eie stoom doen. Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

	Regstreekse aanlyn sessies (10:00 to 12:00)	Kontakssessies (09:00 to 16:00)	Sisteem openings- en sluitingsdatums	Inskrywings sluit
Aanbieding 1	16, 23, 30 April en 7 Mei	14 Mei	9 April tot 28 Mei	26 Maart
Aanbieding 2	1, 8, 15 en 22 Oktober	29 Oktober	24 September tot 12 November	10 September

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee uur per week op 'n regstreekse aanlyn sessie
- ± agt uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wie is die aanbieders?

Willemien Theron is 'n uitsonderlike aanbieder en fasiliteerder. Sy fokus op die aanbied van interaktiewe opleiding in effektiewe kommunikasie, persoonlike ontwikkeling en spanbou. Willemien is ten volle daarvan oortuig dat onderrig die beste manier is om 'n suksesvolle en produktiewe lewe te skep en te lei.



Cornelia Grobler is geesdriftig oor taal en taalonderrig en het ervaring in akademiese sowel as besigheidsomgewings. Sy is 'n uitsonderlike aanbieder met 'n kalm en metodiese benadering tot leer. Sy is kundig oor aanlyn leer en onderrig.



Die kursusfooi is R5 750 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees.
- Die fooi sluit kursusbateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab



languagecentre.sun.ac.za/commslab/



michellep@sun.ac.za



+27 (0)21 808 2812